OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — WINDHOEK — UITGAWE OP GESAG

30c — Tuesday 8 February 1983 — Dinsdag 8 Februarie 1983 — No. 4746

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION

No. AG. 4 Delegation of Powers Proclamation, 1983. 1

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE

No. AG. 4 Proklamasie op Delegering van Bevoegdhede, 1983. 1

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 3 February 1983)

No. AG. 4 1983

PROVISION FOR DELEGATION OF POWERS BY ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General — Windhoek, 8 February 1983

SCHEDULE

Delegation of powers by Administrator-General

1. (1) The Administrator-General may from time to time delegate to any person or persons designated by him any power vested in him under any law, other than any such power -

(a) to issue or make proclamations, regulations or rules;

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 3 Februarie 1983)

No. AG. 4 1983

VOORSIENING VIR DELEGERING VAN BEVOEGDHEDE DEUR ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal — Windhoek, 8 Februarie 1983

BYLAE

Delegering van bevoegdhede deur Administrateur-generaal

1. (1) Die Administrateur-generaal kan enige bevoegdheid wat kragtens die een of ander wet by hom berus, behalwe enige sodanige bevoegdheid -

(a) om proklamasies, regulasies of reëls uit te vaardig of te maak;

(b) to consent to the making of laws or to refuse such consent or to approve, or assent to, laws or to deal therewith in any other way;

(c) which has to be exercised by notice in the *Official Gazette*.

(2) Any person to whom any power has been delegated under subsection (1) shall exercise such power subject to the instructions of the Administrator-General.

(3) The delegation of any power under subsection (1) shall not divest the Administrator-General of that power and the Administator-General may at any time amend or withdraw any decision of any person in the exercise of any power so delegated to such person: Provided that such a withdrawal or amendment of any such decision shall not affect the validity of anything done under such a decision before the said withdrawal or amendment thereof.

(4) Any decision of any person in the exercise of any power delegated to him under subsection (1) shall be deemed to be a decision of the Administator-General unless such decision is withdrawn by the Administator-General under subsection (3): Provided that if such a decision is amended by the Administrator-General under subsection (3), the said decision shall, subject to the provisions of the proviso to the said subsection (3), be deemed to be the decision of the Administrator-General as so amended by him.

(5) The Administrator-General may at any time

(a) withdraw any delegation of any power made under subsection (1);

(b) alter or withdraw the instructions referred to in subsection (2) to which the exercise of any power so delegated is subject.

Short title

2. This Proclamation shall be called the Delegation of Powers Proclamation, 1983.

(b) om toestemming tot die maak van wette te verleen of om sodanige toestemming te weier of om wette goed te keur of daarin toe te stem of andersins daarmee te handel;

(c) wat by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* uitgeoefen moet word,

van tyd tot tyd delegeer aan 'n persoon of persone deur hom aangewys.

(2) Iemand aan wie 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) gedelegeer is, oefen daardie bevoegdheid uit onderworpe aan die voorskrifte van die Administrateur-generaal.

(3) Die delegering van 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) ontdoen nie die Administrateur-generaal van daardie bevoegdheid nie en die Administrateur-generaal kan 'n beslissing van enige persoon by die uitoefening van 'n bevoegdheid aldus aan bedoelde persoon gedelegeer te eniger tyd wysig of intrek: Met dien verstande dat die intrekking of wysiging aldus van so 'n beslissing nie die geldigheid van enigiets wat voor bedoelde intrekking of wysiging daarvan kragtens so 'n beslissing gedoen is, raak nie.

(4) 'n Beslissing van enige persoon by die uitoefening van 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) aan hom gedelegeer, word geag 'n beslissing van die Administrateur-generaal te wees tensy bedoelde beslissing deur die Administrateur-generaal ingetrek word kragtens subartikel (3): Met dien verstande dat indien so 'n beslissing deur die Administrateur-generaal gewysig word kragtens subartikel (3), bedoelde beslissing, behoudens die bepalings van die voorbehoudsbepaling by genoemde subartikel (3), geag word die beslissing van die Administrateur-generaal te wees soos aldus deur hom gewysig.

(5) Die Administrateur-generaal kan te eniger tyd -

(a) 'n delegering van 'n bevoegdheid wat kragtens subartikel (1) gedoen is, intrek;

(b) die in subartikel (2) bedoelde voorskrifte waaraan die uitoefening van 'n bevoegdheid wat aldus gedelegeer is, onderworpe is, verander of intrek.

Kort titel

2. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Delegering van Bevoegdhede, 1983.

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — WINDHOEK — UITGAWE OP GESAG

30c — Friday 11 February 1983 — Vrydag 11 Februarie 1983 — No. 4747

Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements is published on every Friday of each month; if those days fall on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13200, Windhoek, or be delivered to Room 12 Cohen Building Windhoek, in die languages in which they are to be published, not later than 3 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

4. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for Civic Affairs and Manpower, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

5. The Secretary for Civic Affairs and Manpower reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat verskyn op elke Vrydag van elke maand; indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die voorafgaande Donderdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13200, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 12 Cohengebou Windhoek afgelewer word, nie later nie as 3 nm op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. Die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administrator-General as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

9. The subscription for the *Official Gazette* is R12,50 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. Swapers Limited, P.O. Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Swapers Limited, P.O. Box 56, Windhoek, at the price of 30c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

10. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

LIST OF FIXED TARIFF RATES

Standardised notices	*Rate per insertion* R
Transfer of business	R3,25
Deeds: Lost documents	6,00
Business notices	5,00
Administration of Estates Acts notices: Forms J. 187, 193, 197, 295, 297, 517 and 519	2,00
Third party insurance claims for compensation	2,50
Insolvency Act and Company Acts notices: J. 28, J. 29. Forms 1 to 9	4,00
N.B. — Forms 2 and 6 — additional statements according to word count table, added to the basic tariff.	
Change of name (four insertions)	25,00
Naturalisation notices (including a reprint for the advertiser)	2,00
Unclaimed moneys — only in the extraordinary *Official Gazette*, closing date 15 January (per entry of "name, address and amount")	0,80
Butchers' notices	5,00
Slum Clearance Court notices, per premises	4,00
Lost life insurance policies	2,00
Non standardised notices	
Company notices:	
Short notices: Meetings, resolutions, offer of compromise, conversion of company, voluntary windings up; closing of members' registers for transfers and/or declaration of dividends	11,00
Liquor Licence notices (in extraordinary *Gazettes*, viz. June/Tvl. November/Cape, January/O.F.S., April/Natal), per bilingual application	7,00
Declaration of dividend with profit statements, including notes	25,00
Long notices: Transfers, changes in respect of shares or capital, redemptions, resolutions, voluntary liquidations	37,00
Trade marks in South West Africa	11,00
Liquidator's and other appointees' notices	7,00

8. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ookal, van 'n kennisgewing teen die Administrateur-generaal ingestel word.

9. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R12,50 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Swapers Beperk, Posbus 56, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruitbetaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Swapers Beperk, Posbus 56, Windhoek, teen 30c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

10. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

LYS VAN VASTE TARIEWE

Gestandaardiseerde kennisgewings	*Tarief per plasing* R
Oordrag van besigheid	R3,25
Aktes: Verlore dokumente	6,00
Besigheidskennisgewings	5,00
Boedelwettekennisgewings: Vorms J. 187, 193, 197, 295, 297, 517 en 519	2,00
Derdeparty assuransie eise om skadevergoeding	2,50
Insolvensiewet en maatskappywettekennisgewings: J. 28, J. 29, Vorms 1 tot 9	4,00
L.W. — Vorms 2 en 6 — bykomstige verklarings volgens woordetaltabel, toegevoeg tot die basiese tarief.	
Naamsverandering (vier plasings)	25,00
Naturalisasiekennisgewings (insluitende 'n herdruk vir die adverteerder)	2,00
Onopgeëiste geld — slegs in die buitengewone *Offisiële Koerant*, sluitingsdatum 15 Januarie (per inskrywing van "naam, adres en bedrag")	0,80
Slagterskennisgewings	5,00
Slumopruimingshofkennisgewings, per perseel	4,00
Verlore lewensversekeringspolisse	2,00
Nie gestandaardiseerde kennisgewings	
Maatskappykennisgewings:	
Kort kennisgewings: Vergaderings, besluite, aanbod van skikking, omskepping van maatskappye, vrywillige likwidasies, ens.: sluiting van lederegisters vir oordragte en/of verklarings aan dividende	11,00
Dranklisensie kennisgewings (in buitengewone *Offisiële Koerante*, t.w. Junie/Tvl. November/Kaap, Januarie/OVS., April/Natal) per tweetalige aansoek	7,00
Verklaring van dividende met profytstate, notas ingesluit	25,00
Lang kennisgewings: Oordragte, veranderings met betrekking tot aandele of kapitaal, aflossings, besluite, vrywillige likwidasies	37,00
Handelsmerke in Suidwes-Afrika	11,00
Likwidateurs en ander aangesteldes se kennisgewings	7,00

Sales in execution and other public sales:

Sales in execution	18,00
Public auctions, sales and tenders:	
Up to 75 words	6,00
76 to 250 words	15,00
251 to 350 words	23,00

Orders of the Court:

Provisional and final liquidations or sequestrations	14,00
Reductions or changes in capital mergers, offer of compromise	37,00
Judicial managements, *curator bonis* and similar and extensive rule nisi	37,00
Extension of return date	4,00
Supersessions and discharge of petitions (J. 158)	4,00

11. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 10 is at the rate of 56c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

12. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary, Civic Affairs and Manpower.

Geregtelike en ander openbare verkope:

Geregtelike verkope	18,00
Openbare veilings, verkope en tenders:	
Tot 75 woorde	6,00
76 tot 250 woorde	15,00
251 tot 350 woorde	23,00

Orders van die Hof:

Voorlopige en finale likwidasies of sekwestrasies	14,00
Vermindering of veranderings in kapitaal, samesmeltings, aanbod van skikking	37,00
Geregtelike besture, *kurator bonis* en soortgelyke en uitgebreide bevel nisi	37,00
Verlenging van keerdatum	4,00
Tersydestellings en afwysings van petisies (j. 158)	4,00

11. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 10 genoem word, is teen die tarief van 56c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

12. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruitbetaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris, Burgersake en Mannekrag betaalbaar gemaak word.

Vorm/Form J 187

LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35(5) of Act 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first an final, *unless otherwise stated)* in the estates specified below will be open for the inspection of all persons interested therein for a period of 21 days (or shorter or longer *if specially stated)* from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters and Magistrates as stated.

Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

385/82 HESTERMANN Hugo Victor Hermann 101205 5035 00 4 Windhoek Charlotte Hedwig Hestermann, born Zimny Windhoek Klaus Nieft – Executor c/o Keller & Neuhaus Trust Co (Pty) Ltd. P.O. Box 156 Windhoek

455/82 Windhoek FOURIE Petrus Johannes 960624 5006 00 7 Plaas Weltevrede NR. 359 Aroat Keetmanshoop Barclays Nasionale Bank Beperk, Kaapstad Trustee-Tak Posbus 512 Kaapstad 8000 Eksekuteur.

152/82 KURZ (gebore Grensing) Ruth Helene Albertine 130924/0013/00/7 Plaas Karltonhausen Distrik Karibib Karibib Windhoek Barclays-Nasionale Bank Beperk Kaapstad Trustee Tak Posbus 512 Kaapstad Eksekuteur

297/82 ESSAFRAU Norman Manuel 110722 5046 004 48 Shangrila Flats, Windhoek Windhoek Executor Barclays National Bank Limited Cape Town Trustee Branch P.O. Box 512 Cape Town

LIKWIDASIE- EN DISTRIBUSIEREKENING IN BESTORWE BOEDELS WAT TER INSAE LÊ

Ingevolge artikel 35(5) van Wet 66 van 1965, word hierby kennis gegee dat duplikate van die likwidasie- en distribusierekenings (eerste en finale, *tensy anders vermeld)* in die boedels hieronder vermeld, in die kantore van die Meesters en Landdroste soos vermeld en gedurende 'n tydperk van 21 dae (of korter of langer *indien spesiaal vermeld)* vanaf gemelde datums of vanaf datum van publikasie hiervan, as dit later is, ter insae lê van alle persone wat daarby belang het.

Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meesters ingedien word nie, gaan die eksekuteurs oor tot die uitbetalings ingevolge gemelde rekenings.

7557/82 HEYNEKE (voorheen Louw, voorheen Kuhlman gebore Büge) Hidegard Gerhard Marie 130717 0003 006 5de Weg 35 Walvisbaai Andries Barend Heyneke 121017 5016 009 Walvisbaai Kaapstad RH Meyeridricks, Bestuurder Santamtrust Beperk Posbus 4333 Kaapstad (Eksekuteur)

368/82 BARKHUIZEN Dawid (of David) Johannes 140610 5014 00 3 Benguelastraat Huis nr 18 Hentiesbaai Rachel Jacoba Barkhuizen (gebore Smith) 1312221 0007 009 Swakopmund Windhoek RH Meyeridricks Bestuurder Santamtrust Beperk Posbus 4333 Kaapstad (Eksekuteur)

397/82 VILJOEN Adriana Maryna Helena 960606-0008-00 5 Keetmanshoop Keetmanshoop Windhoek Barclays-Nasionale Bank Beperk Kaapstad Trustee-Tak Posbus 512 Kaapstad Eksekuteur

Vorm/Form J 193

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the estates mentioned below are hereby called upon to lodge their claims with the executors concerned, within 30 days (or otherwise as indicated) calculated from the date of publication hereof. The information is given in the following order: Estate numer, surname and christian names, date of birth, identity number, last address, date of death; surviving spouse's names, surname date of birth and identity number; name and address of executor or authorised agent, period allowed for lodgement of claims *if other than 30 days.*

69/81 Windhoek MEYER Paul Hendrik 23 Januarie 1919 Onbekend Promenade woonstel nr L2 Windhoek 31 Januarie 1981 JP Zietsman Posbus 1174 Secunda 2302

KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN BESTORWE BOEDELS

Alle persone wat vorderinge het teen die boedels hieronder vermeld, word hierby versoek om hul vorderinge by die betrokke eksekuteurs en binne 'n tydperk van 30 dae (of andersins soos aangedui) gereken vanaf die datum van publikasie hiervan in te lewer. Die inligting word verstrek in die volgorde: Boedelnommer, familienaam en voorname, geboortedatum, persoonsnommer, laaste datum, datum oor lede; nagelate eggenoot(note) se name, familienaam, geboortedatum en persoonsnommer; naam en adres van eksekuteurs of gemagtigde agent, tydperk toegelaat vir lewering van vorderings *indien anders as 30 dae.*

11/83 Windhoek BEUKES (voorheen Joubert gebore Fourie) Johanna Maria 5-2-1891 Onbekend Outeniquiastraat 1 Eros Windhoek 15-12-1982 Boland Bank Beperk Posbus 1516 Windhoek 9000

Vorm/Form No. 517

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the estates specified in the schedule, are called upon to lodge their claims with the executors concerned within a period of 30 days (or otherwise as indicated) from the date of publication hereof.

327/82 VAN HEERDEN Andre Louis 18.06.1961 610618 5006 003 Kombat distrik Grootfontein 19.6.1982 30 dae Windhoek Suidwes-Afrika Standard Bank SWA Bpk (Geregisteerde Handelsbank) Trustee-Tak Posbus 2164 Windhoek 9000

KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN BESTORWE BOEDELS

Alle persone wat vorderinge het teen die boedels in die bylae vermeld, word versoek om sodanige vorderings binne 'n tydperk van 30 day (of andersins soos aangedui) vanaf die datum van publikasie hiervan by die betrokke eksekuteurs in te lewer.

481/82 ROEBER Annemarie Emma 6.5.1909 090506 0010 10 5 Otjiwarongo 21.9.1982 30 dae Windhoek Suidwes-Afrika Standard Bank SWA Bpk (Geregistreerde Handelsbank) Trustee-Tak Posbus 2164 Windhoek 9000

Vorm/Form 4

LIKWIDASIE REKENINGE EN PLANNE VAN DISTRIBUSIE OF KONTRIBUSIE REKENING IN GESEKWESTREERDE BOEDELS OF MAATSKAPPYE IN LIKWIDASIE

Ingevolge artikel 108 (2) van die Insolvensiewet, 1936, artikel 136 (2) van die Maatskappywet, 1926, en artikel 406 (3) van die Maatskappywet, 1973, word hierby kennis gegee dat die likwidasie-, distribusie- of kontribusierekenings in die boedels of die maatskappye, na gelang van die geval, hieronder vermeld ter insae van skuldeisers of kontribuante sal lê op die kantore van die Meesters en Landdroste daarin genoem, gedurende 'n tydperk van 14 dae, of die tydperk wat daarin vermeld is, vanaf die datum hieronder vermeld of vanaf die datum van publikasie hiervan, watter datum ook al die laaste is.

W24/74 Insolvent Estate PM GUMS Ninth supplementary First Final Liquidation & Distribution Account at the Offices of the Master of the Supreme Court Windhoek for a period of 14 days as from the 11th February 1983 D Mathews Trustee Trust – Mining Co (Pty) LTD PO Box 82 Windhoek

W5/81 Insolvente boedel GERT BEUKES Tweede likwidasie en distribusierekening Meester Windhoek Landdros Tsumeb F.M. Oehl Posbus 3138 Windhoek

LIQUIDATION ACCOUNTS AND PLANS OF DISTRIBUTION OR CONTRIBUTION IN SEQUESTRATED ESTATES OR COMPANIES BEING WOUND UP

Pursuant to section 108 (2) of the Insolvency Act, 1936, section 136 (2) of the Companies Act, 1926, and section 406 (3) of the Companies Act, 1973, notice is hereby given that the liquidation account and plans of distribution or contribution in the estates or the companies mentioned below will lie open for inspection by creditors or contributories at the offices of the Masters and the Magistrates stated therein, for ' period of 14 days, of for such a period as stated therein, from the dates mentioned below or from the date of publication hereof, whichever may be the later date.

W23/74 Insolvent Estate RR KRÄMER ninth supplementary first & final liquidation & distribution account at the Offices of the Master of the Supreme Court Windhoek for a period of 14 days as from the 11th February 1983 D. Mathews Trustee Trust & Mining Co (PTY) LTD PO Box 82 Windhoek

W16/82 Insolvente boedel OTTO ERNST ROSS Eerste en finale likwidasie- en distribusierekening Meester Windhoek Landdros Tsumeb FM Oehl Posbus 3138 Windhoek
FM Oehl Posbus 3138 Windhoek

Vorm VD/LD

AKTES: VERLORE DOKUMENTE

Kennis word hiermee gegee ingevolge die Registrasie van Aktes Wet nr 47 van 1937, dat die volgende applikante voornemens is om aansoek te doen vir die kansellasie van die inskrywing van die genoemde dokument en dat alle persone wat teen die kansellasie van sodanige inskrywing beswaar maak hiermee versoek word om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Windhoek, binne vyf weke na die laaste publikasie van die kennisgewing.

DEEDS: LOST DOCUMENTS

Notice is hereby given in terms of the Deeds Registry Act, No. 47 of 1937, that the following applicants intend applying for a certified copy of the document(s) named and that all persons having objection to the issue of such copy are hereby requested to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at the place mentioned within three weeks (and within five weeks in the case of S.W.A.) from the last publication of the notice.

Registration Division "S" Deed of transfer no. T2429/1974 dated 20th September 1974 Hester Aletta Wildemina Louw (Born Jansen van Vuuren on 28th November 1923) Widow Certain Remaining extent of farm conradie no. 2: situate in registration division "S": Measuring 7358,1805 Hectares: Fisher Quarmby & Pfiefer PO Box 37 Windhoek

---

Vorm J 29

FIRST MEETINGS OF CREDITORS, CONTRIBUTORIES, MEMBERS OR DEBENTURE-HOLDERS OF SEQUESTRATED ESTATES, COMPANIES BEING WOUND UP OR PLACED UNDER PROVISIONAL JUDICIAL MANAGEMENT

The estates and companies mentioned below having been placed under sequestration, being wound up or having been placed under provisional judicial management by order of the Supreme Court of South Africa, Masters of the Supreme Court hereby given notice, pursuant to section 17 (4) and 40 (1) of the Insolvency Act, 1936, sections 119 (3), 125 (1) and 196*bis* (4) of the Companies Act, 1926, and sections 356 (1), 364 (1) and 429 of the Companies Act, 1973, that first meeting of creditors, contributories, members or debenture-holders of the said estates or companies will be held on the dates and at the times and places mentioned below, for proof of claims against the estates or companies, the election of trustees, liquidators or judicial managers or managers or provisional judicial managers or for the purposes referred to in section 364 or 431 of Act 61 of 1973, as the case may be.

Meetings in a place in which there is a Master's office, will be held before the Master; elsewhere they will be held before the Magistrate.

W27/82 PHILLIP SIDWABA Posbus 21831 Windhoek 22 Oktober 1982 21 Januarie 1983 Hooggeregshof van Suidwes-Afrika 23 Februarie 1983 — 10h00 — meester, Windhoek

EERSTE BYEENKOMSTE VAN SKULDEISERS, KONTRIBUANTE, LEDE OF SKULDBRIEFHOUERS VAN GESEKWESTREERDE BOEDELS, MAATSKAPPYE IN LIKWIDASIE OF ONDER VOORLOPIGE GEREGTELIKE BESTUUR

Nademaal die boedels of maatskappye hieronder vermeld op las van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gesekwestreer, gelikwideer of onder voorlopige geregtelike bestuur geplaas is, word hierby deur die Meesters van die Hooggeregshof ingevolge artikels 17(4) en 40(1) van die Insolvensiewet, 1936, artikels 119 (3), 125 (1) en 196*bis* (4) van die Maatskappywet, 1926, en artikels 356 (1), 364 (1) en 429 van die Maatskappywet, 1973, kennis gegee dat 'n eerste byeenkoms van skuldeisers, kontribuante, lede of skuldbriefhouers van genoemde boedels of maatskappye op die datums, ure en plekke hieronder vermeld, vir die bewys van eise teen die boedels of maatskappye, die verkiesing van kurators, likwidateurs of geregtelike bestuurders of bestuurders of voorlopige geregtelike bestuurders, of vir die doeleindes bedoel in artikel 364 of 431 van Wet 61 van 1973, na gelang van die geval, gehou sal word.

In 'n plek waarin 'n kantoor van 'n Meester is, word die byeenkoms voor die Meester en op ander plekke voor die Landdros gehou.

W31/82 FFM ENGINEERING (PTY) LTD Posbus 141 Okahandja 9000 26 November 1982 21 Januarie 1983 Hooggeregshof van Suidwes-Afrika Landdros, Okahandja — 23 Februarie 1983 — 9h00

W32/82 FRIEDRIH FERDINAND METZGER Posbus 141 Okahandja 9000 26 November 1982 21 Januarie 1983 Hooggeregshof van Suidwes-Afrika Landdros, Okahndja — 23 Februarie 1983 — 9h00

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat 14 (veertien) dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensie Hof vir die distrik van WINDHOEK gehou te WINDHOEK vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie tans gehou deur ERHART JOCHIM PAJEWSKI, wie handel dryf as PAPA'S HONDA CENTRE aan FLYING MACHINES (PTY) LTD wie voortaan op dieselfde perseel, vir eie rekening handel sal dryf onder die naam en styl PAPPA'S HONDA.

(get) GH OLIVIER
R OLIVIER & KIE
REALMAR GEBOU
h/v Leutwin & Bahnhofstrate
Posbus 2198
WINDHOEK

B-I 194

VIR GEBRUIK TEN OPSIGTE VAN KINDERS ONDER 10 JAAR

DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.

KENNISGEWING VAN VOORGENOME VANSVERANDERING.

Monica Eva Bougard, woonagtig te Williamsweg 4642, Khomasdal, werksaam as Kelnerin by SKW Klub, is voornemens om by die Minister van Binnelandse Aangeleenthede aansoek te doen om magtiging kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937, vir my minderjarige seun, Mark Anthony Kilian om die van Bougard aan te neem om die volgende redes:
Die minderjarige kind is buite-egtelik gebore en sy vader toon geen belangstelling in die kind nie. Hy het voorheen die name gedra van Mark Anthony Kilian.

Enigeen wat daarteen beswaar het dat sy bovermelde van Bougard aanneem, moet sy beswaar met vermelding van redes daarvoor, so gou moontlik skriftelik by die Landdros van Windhoek indien.

(Get.) M. Bougard
Datum: 20 Januarie 1983.

NOTICE OF ALIENATION OF BUSINESS

TAKE NOTICE that application will be made after 14 (fourteen) days of publication of this notice at the Licencing Court for the district of Swakopmund for new trading licences in respect of the business known as ERNST BAUMGART NACHFOLGER held by GISELA L WITTLICH at number 29 Moltke Street, Swakopmund and which busniness was alienated by her in favour of WOERMANN, BROCK & CO (SWAKOPMUND) (PTY) LIMITED which shall trade under their own name on the same business premises. This notice shall simultaneously serve as a notice in terms of Section 34(1) of Act 24 of 1936, as amended.

THUS DONE AND SIGNED AT SWAKOPMUND this 25th day of JANUARY 1983.

SWANEPOEL & KINGHORN
Attorneys for Applicant
Kaiser Wilhem Street
Standard Bank Building
P.O. Box 1455
SWAKOPMUND
9000

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATE

All persons having claims against the Estate of the Late Theunis Johannes Coetzee (No 31/82) who was married in community of property to Lillian Ann Coetzee (Born Harris) who resided at No 10 Möwen ave, Vineta and died on 11 January 1982 are called upon to lodge their claims or pay their debts within 30 (thirty) days of publications hereof.

SWANEPOEL & KINGHORN
Attorneys for Executor
Standard Bank Building
Kaiser Wilhelm Street
SWAKOPMUND

KENNISGEWING VAN APPLIKASIE VIR ALGEMENE HANDELAARSLISENSIE

Kennis geskied hiermee dat met die eerskomende kwartaalikse sitting van die Handelslisensiehof te Tsumeb op 2 Maart 1983, vir die distrik Tsumeb, aansoek gedoen word vir 'n algemene handelaarslisensie, deur Johanna Hendrika de Wit wie sake sal doen onder die naam en styl van MOLE MOLE VARSPRODUKTE te Erf 419A, 3de Straat, Tsumeb vir eie rekening.

W.J. KRIEL & KIE
Agent vir Applikant,
Posbus 65,
TSUMEB
9000

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat na 14 (veertien) dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die distrik Windhoek, gehou te Windhoek vir die oordrag van die Restaurant, Vars Produkte, Tabak, Minerale Water en Algemene Handelaarslisensies tans gehou deur José Manuel Dias as benoemde van die vennootskap José Manuel Dias en Manuel Dias De Oliveira wie handel dryf as Benefica Take Away Fish and Chips op Erf 2136, Eros, Windhoek aan LUTZ LA BARRÉ wie voortaan op dieselfde perseel vir eie rekening handel sal dryf onder die naam en styl LUTZI's TAKE AWAYS.

(get GH OLIVIER
R OLIVIER & KIE
Realmar Gebou
h/v Leutwin & Bahnhofstrate
Posbus 2198
WINDHOEK

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat aansoek gedoen sal word by die volgende sitting van die Lisensiehof van Mariental vir die oordrag van die Slagterslisensie gehou deur SIMON DAVID KERAMEN wat handel dryf onder die naam en styl van S.A. SLAGHUIS te erf 41, Empelheim, Mariental aan JOHANNES DAVID MARITZ VAN TAAK wat onder dieselfde naam en plek sal handel dryf.

P. W. VAN HEERDEN EN KIE
PROKUREURS VIR PARTYE
Skoolstraat
Posbus 13
MARIENTAL.

LAW SOCIETY OF SOUTH WEST AFRICA
NOTICE OF ANNUAL GENERAL MEETING

Notice is hereby given in terms of Bye-Law No. 2 of Proclamation No. 32 of 1921 that the Annual General Meeting of the Law Society of South West Africa will be held at the Hotel Continental, Kaiser Street, Windhoek, on Friday, 25th March, 1983 at 1600 hrs. when the undermentioned business will be transacted:

(a) Consideration of the President's Report for the past year;

(b) Consideration and adoption of the Statements of Account for the past year and the Balance Sheet;

(c) Election of one Councillor;

(d) The election of Auditors and the fixing of the amount of their remuneration;

(e) Consideration and transaction of any special business of which due notice shall have been given by any member;

(f) The fixing of subscriptions payable by members for the year 1983;

(g) Consideration and transaction of any business deemed necessary by the Council.

Notices and Nominations in terms of Bye-Laws No.'s 6 and 23 are called for.

Attention is drawn to the fact that under Bye-Law No. 6 any member desiring to bring forward any special business before the General Meeting must give the Secretary 21 days notice in writing; and that under Bye-Law No. 23 nominations for Councillors must be made 21 days before the Meeting in writing to the Secretary and must bear the consent of the Nominee.

Copies of the President's Report, Statements of Account and Balance Sheet will be forwarded to members in due course in terms of Bye-Law No. 38.

The attention of members is specifically directed to the requirements in respect of proxies as set out in Bye-Laws No.'s. 16 and 17.

Mr. C.A.A. van der Westhuizen, member of the Council, retires at the Annual General Meeting by effluxion of time and nominations are called for to fill the vacancy thus occurring on the Council.

Dated at WINDHOEK this 3rd day of FEBRUARY, 1983.

(Sgd.) C. DU PREEZ
Secretary
Law Society of S.W.A.

KENNISGEWING VAN APPLIKASIE VIR ALGEMENE HANDELAARSLISENSIE

Kennis geskied hiermee dat met die eerskomende kwartaalikse sitting van die Handelslisensiehof te Tsumeb op 2 Maart 1983, vir die distrik Tsumeb, aansoek gedoen word vir 'n algemene handelaarslisensie- en restaurant, deur Ernst Wilhelm Albat wie sake sal doen onder die naam en styl van ETOSHA CAFE te Erf 21A, Hoofstraat, Tsumeb vir eie rekening.

W.J. KRIEL & KIE.
Agent vir Applikant,
Posbus 65,
TSUMEB
9000

LAW SOCIETY OF SOUTH WEST AFRICA 1983
NOTICE OF SPECIAL GENERAL MEETING

Notice is hereby given in terms of Bye-Law No. 2 of Proclamation No. 32 of 1921 that a Special General Meeting of the Law Society of South West Africa will be held at the HOTEL CONTINENTAL, Kaiser Street, Windhoek, on Friday, 25th March, 1983 at 1500 hrs. when the undermentioned business will be transacted:

The adoption of new Rules for the Society, made under the authority of Section 74 of the Attorneys' Act, No. 53 of 1979.

Copies of the proposed Rules, in the English and Afrikaans languages, lie for inspection at the offices of the Secretary of the Society and will be made available to members upon request.

The attention of members is specifically directed to the requirements in respect of proxies as set out in Bye-Laws No.'s 16 and 17.

Dated at WINDHOEK this 3rd day of FEBRUARY, 1983.

(Sgd.) C. DU PREEZ
SECRETARY
Law Society of S.W.A.

AKTES : VERLORE DOKUMENTE

Kennis word hiermee gegee ingevolge die Registrasie van Aktes Wet, nommer 47 van 1937, dat die volgende applikant voornemens is om aansoek te doen vir 'n gesertifiseerde afskrif van die genoemde dokument en dat alle persone wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar maak, hiermee versoek word om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te genoemde plek, binne vyf weke na die laaste publikasie van die kennisgewing.

1. Dorpsgebied of distrik, afdeling, county: KOËS
2. ONDERHAWIGE DOKUMENT MET NOMMER EN DATUM:
   Sertifikaat van Verenigde Titel nommer 460/1964 geregistreer op 5 Mei 1964
3. TEN GUNSTE VAN:
   WYNAND JACOBUS BOTES (gebore op 5 Desember 1923)
4. TEN OPSIGTE VAN:

   SEKERE Gekonsolideerde Erf no. 61 KOËS DORP GELEË in die Dorpsbestuurgebied van KOËS Registrasie Afdeling "T"

   GROOT 1,3185 (Een Komma Drie Een Agt Vyf) Hektare
5. Applikant en/of Agent met adres en datum:
   DR. WEDER KRUGER & HARTMANN
   Prokureurs vir Applikant, Posbus 864 Windhoek 9000.
6. BESWARE IN TE DIEN BY DIE REGISTRATEUR VAN AKTES TE WINDHOEK.

KENNISGEWING

Geliewe kennis te neem dat na 14 dae vanaf publikasie hiervan aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die distrik van WINDHOEK vir die oordrag van die Algemene Handelaar en motorhandelaarslisensie tans gehou deur RONALD ROSWELL ADAMS en JOHANN CAREL MYBURGH en DAVID JOHANNES PETRUS KEYSER wie handeldryf te Erf 670 Klein Windhoek geleë te 118 Gobabisweg, Klein Windhoek en wie handeldryf in vennootskap onder die naam en styl van AUTO SPORT aan DAVID JOHANNES PETRUS KEYSER en CAREL WILLEM ADOLPH WIEHAN wie voortaan op dieselfde persele onder dieselfde naam en styl in vennootskap sake sal doen.

Gedateer te WINDHOEK op hede die 1ste DESEMBER 1982.

P. G. VAN DER MERWE & KIE
202, SONNEX GEBOU
Kaiserstraat
Posbus 242
WINDHOEK

OORDRAG VAN LISENSIE

KENNIS GESKIED HIERMEE dat na afloop van 14 dae vanaf verskyning van hierdie kennisgewing aansoek gedoen sal word by die HANDELSLISENSIEHOF vir die distrik KEETMANSHOOP, om die oordrag van die Algemene Handelaar, Resturant, Varsprodukte Handelaar, Tabak in kleinmaat en Patente medisyne Lisensies wat CF VAN ROOYEN gehou het ten opsigte van die besigheid wat hy gedryf het onder die naam NOORDHOEK KAFEE op die perseel op Erf 60, Vierdestraat, Noordhoek in die dorp KEETMANSHOOP aan DANIËL LE ROUX wie bovermelde besigheid oorgeneem het en dit onder dieselfde naam dryf vir sy eie rekening en belange.

RISSIK, COX & PROBART
Prokureurs vir die Partye
Khabuserstraat 5c
Posbus 90
KEETMANSHOOP

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika